

Sing vooraf: Psalm 8:1, 4, 5.

<i>Daar is geen land so ver of woës geleë, geen strand, o HEER, of wilde waterweë, geen hemelsfeer in die oneindigheid - of orals blink u Naam en majesteit.</i>	<i>wat is die mens dan dat U hom gedenk het, die mensekind wat U so ryk beskenk het! Met eer en heerlikheid is hy gekroon, skaars minder as die eng'le om u troon.</i>	<i>U laat hom heers. Tot aan die verste strande gebied hy oor die werke van u hande. U het, o HEER, dit onder hom gestel, dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.</i>
--	--	---

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:3

*Van al wat leef, is U die bron;
van alle lig, die ewige son
wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees
oor wie opreg u ken en vrees
en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap,
nóg bouse hand in ballingskap
my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die
kwaad
vir altyd in 'n jammerstaat
waarin hul magt'loos sterwe.*

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 73:12

*Wie ver van U sy weg wil gaan,
stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaak
het,
in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot,
as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel
om al sy werke te vertel.*

Skriflesing: Romeine 3.

Teks: Kategismus Sondag 32; Romeine 3:10

...soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. (Romeine 3:10 AFR1953)

Goeie werke en die plek daarvan in ons lewe is 'n saak wat spanning en verwarring bring in baie gelowiges se lewe.

- Die probleem ontstaan daarin dat die wêreldbeskouing van ons tyd inwerk op ons geloofslewe.
- Daar is baie mense wat oor die Here dink asof Hy 'n mens is.
 - Hulle wil hê dat Hy moet dink en doen soos wat 'n mens sou doen.
 - Daarom is dit vir hulle onaanvaarbaar dat goeie werke vir die Here niks sou beteken nie.

Ons gee aandag aan die volgende sake:

1. Wetsonderhouding en saligheid

2. Dankbaarheid en goeie werke

1. Wetsonderhouding en saligheid

Die Bybel leer ons dat as ons die wet van die Here wil onderhou, ons goeie werke moet doen - anders gestel: die Wet moet onderhou.

Onthou net die baie belangrike kwalifikasie wat die Bybel daarby voeg: Dan moet ons die wet ten volle onderhou - op so 'n manier dat daar nêrens in ons lewe een enkele fout of sonde voorkom nie.

Dit is die agtergrond van Romeine 3:10 waar ons lees dat daar niemand is wat regverdig is nie - selfs nie een nie.

- Die probleem is nie dat ons goeie werke nie by die Here opgedaag het nie!
- Net 'n entjie verder in dieselfde hoofstuk staan geskryf dat die eise van die wet juis so is, sodat die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees, aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie.

As ons die dinge wat hier in die Bybel staan, baie reguit moet oorvertel, sal ons sê dat selfs ons heel beste werke so swak is dat hulle ons nog al die tyd in die hel laat beland.

Nou moet u nie dink dis maar net ons moderne gelowiges wat hiermee sukkel nie.

- Die Fariseërs het al met dieselfde probleem gesukkel - trouens, hulle was die produk van 'n eeuelange worsteling oor wat 'n mens self kan bereik met sy eie prestasies.
- Hulle het toe tot die gevolgtrekking gekom dat jy goeie werke moet doen, en dit nog moet afrond met 'n groot openbare vertoon ook.
- Op hierdie manier bou jy vir jou 'n kredietrekening by die Here op.

Die dinge wat hulle geleer het, was nie net verkeerd nie, want ons kry iets van hulle standpunt terug in die brief wat deur Jakobus geskryf is.

- Daardie brief leer dat jy jou geloof met goeie werke moet bewys.
- Maar Jakobus bedoel darem nie dat jou goeie werke jou moet hemel toe vat of jou eie waardigheid moet onderstreep nie.
- As jy dit só benader, gaan jy jou aanbidding aan die Here net as 'n rookskerm gebruik om jouself op te blaas.

Die Jakobusbrief bedoel dat die goeie werke wat ons doen, deel van die genade is wat ons van die Here Jesus Christus af ontvang.

- Jou goeie werke is dus bloot 'n bewys daarvan dat jy verlos is, en lewe soos mense wat die genade van God gevind het.
- Goeie werke is dus glad nie 'n werkstuk wat jy voor God afhandel, sodat Hy vir jou daarvoor 'n betaling moet uitskryf nie.

2. Dankbaarheid en goeie werke

Dankbaarheid is 'n baie groot saak.

- Dankbaarheid kry jy by iemand wat ondergegaan het, en daarna deur iemand anders weer op sy voete getel is.
- 'n Mens kry dankbaarheid by iemand wat nie al sy foute voor ander mense se deur gaan neersit nie, maar wat self besef dat hyself nie die vermoë gehad het (en het!) om te oorleef nie.

'n Dankbaar mens is dus 'n mens wat besef dat sy lewe baie skeef staan voor die Here, maar wat ook weet dat sy saligheid gelukkig nie daarvan afhang nie.

- Hy weet dat die Here Jesus vir hom gaan sterf het.
- Hy is dankbaar dat die Here Jesus al sy sondestraf voor God gedra het.

Saam met sy dankbaarheid is daar ook **kennis**. Deur sy swaarkry het so 'n gelowige dinge geleer.

- Hy het sy eie onbekwaamheid geleer, maar hy het ook geleer dat God se Gees altyd by hom is, en hom nooit alleen laat nie.
- Dit laat hom besef dat die Here self dit vir hom moontlik maak om regdeur sy aardse lewe op die regte pad te bly, en te lewe soos iemand wat die genade van verlossing by die Here gekry het.

Hierdie beginsel staan in beginsel in Titus 2:14, waar die Here skryf dat Hy Homself vir ons gegee het, om ons te verlos van alle ongeregtigheid, en om ons vir Homself as eiendom te reinig - 'n volk wat ywerig is in goeie werke.

...wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke. (Titus 2:14 AFR1953)

Nou is dit baie waar dat ons nie net in 'n preek kan staan en filosofeer oor al die dogmatiese feite nie. Dit help niks.

Daarom moet ons besef dat hierdie eis van die Here dat ons regverdig moet wees en goeie werke moet doen, 'n baie groot verantwoordelikheid op ons plaas.

- In die brief van Petrus is daar geskryf dat
 - ons 'n uitverkore geslag is. 'n Koninklike priesterdom.
 - Die eiendom van Christus.
 - Daarom moet ons die deugde van Christus verkondig.
 - Ons lewens moet bewys dat die Here ons uit die donker in die lig ingebring het.

Dis niks anders nie as om goeie werke te doen.

Goeie werke is 'n baie suiwer lewe.

- Dit sluit natuurlik dinge soos kerkbesoek in.
- Maar dit sluit ook gemeenskap met medegelowiges in.
- Dit gaan ook oor eerlikheid.
- Hoe lewe jy in jou omgang met ander mense?

Dink hulle jy is 'n mens wat alle respek werd is, of dink hulle dat jy jouself opblaas, en ten diepste oneerbaar is?

- Dit gaan ook hulle siening van jou geloof en jou kerk beïnvloed.
- As jy nie voorbeeldig lewe en iets in jou lewe het wat ander mense trek nie, sal hulle nie wil wees soos wat jy is nie.

Die Here het intussen opgevaar na die hemel.

- Hy maak 'n blyplek reg waar ons in die hiernamaals gaan lewe.

- Maar solank as wat ons sy wederkoms verwag, moet ons sy evangelie uitdra en vestig onder die mense.
 - Dit gebeur nie net deur te loop en preek vir die mense nie.
 - Dit gebeur ook deur mense met jou lewensvoorbeeld te trek.

Lewe hierdie lewe eg.

- 'n Nagemaakte lewe hou nie enduit nie.
- Maar as jy eg en voluit vir die Here lewe, sal jou lewe nie net uiterlik 'n aantreklikheid in hom hê nie, dit sal ook die innerlike krag hê om jou deur baie beproewinge te dra.

Ons is ellendig en onregverdig in onself, maar die Here het ons verlos in die Here Jesus.

- Hy het dit weer fisies bevestig met sy dood en opstanding.
- Gee dan met u lewe alles wat u het om God te aanbid en te loof en dank - uit dankbaarheid.

Kom ons lees Kategismus Sondag 32 saam.

Vraag 86: *Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?*

Antwoord: *Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys (b) word: Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry. (c), en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d).*

(a) Rom 6:13; 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17 Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19.

Vraag 87: *Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?*

Antwoord: *Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a).*

(a) 1 Kor 6:9, 10; Ef 5:5, 6; 1 Joh 3:14.

Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 118:14.

<p><i>U is my God, al my verlange; U prys ek om u majesteit. My God, U loof my lofgesange van nou af tot in ewigheid. Loof almal saam met jubelsange! Gods goedheid ken geen grens of tyd; geen hede, toekoms of vergange, sy goedheid duur in ewigheid!</i></p>
--

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 9 September 2007 (aand)